



# ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

## Christendom moet inisiatief begin neem

SO BELY DIE VCHO SY:

### DOEL:

Die bevordering van

- ✍ Christelike opvoeding
- ✍ Christelike Onderwys en
- ✍ Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk” (2 Tim 3:16 en 17).

### GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis”. . . (Spreuke 1:7).

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het” (Matteus 28:18-20).

### MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

### SKRIFLIK

Markus 5: 1 - 20, 1983-Bybelvertaling  
Verbondskind in die begraafplaas?

- Ds C Bester

Voortreflike begin – Die volk van God bestaan in huisgesinne, wat op hulle beurt weer saamgestel word uit enkellinge - wat elkeen in die verbondsverhouding tot God leef: “Ek sal jou God wees, en jy moet My volk wees!” So is die seuntjie in die land van die Gadareners gebore – ’n pragtige klein baba met ’n winkende toekoms. Wie sal kan sê dat dié baba se ouers nie net die beste begeertes en ideale vir hulle seuntjie se toekoms gekoester het nie? Sy lewtjie was soos ’n skoon lei wat gewag het om deur die ouers beskrywe te word met die lesse van die lewe – om op te voed in die vrese van God, tot ’n volwasse geloofslid van die liggaam van Christus, die volk van Gods Verbond.

Tragiese afdwaling – Êrens het iets ernstig skeef geloop. Die mooi baba groei toe nie op tot ’n voorbeeldige man-in-God-se-volk nie! Nee, maar hy neem sy intrek by sy gekose vriende en heerser. Eintlik sommer ’n klomp van hulle (vers 9) – en hulle verkies om tussen die grafte van die gestorwenes te woon. Hulle martel hulleself en loop sinneloos en skreeu en lawaai (vers 5) – selfs dag en nag maak geen verskil nie: hulle kom nie tot ruste nie! Ongetemde en ontembare bandeloosheid en magsvertoon is kenmerkend van dié verlore lewenstryd (verse 3 en 4). Geeneen van die angswekkende dade bring egter rus in die gemoed van hierdie “mooi gebore seuntjie”

nie. Hy is verander in “Legio van Gadara”, die man wat geen geloof het nie en wat uit die dieptes van sy verlorenheid gedrywe word deur ang en sy vriende (die bose geeste!) se dwang, om God en sy naaste te vrees, te wantrou en te haat! (vers 7)

Goddelike ingryping – Maar die ewige genadige Verbondsgod se uitverkiesing is onberoulik en onweerstaanbaar. In Jesus Christus gaan Hy fisies tot in die begraafplaas - tot by Legio! Die alwetende God weet presies wat die wortelprobleem is in die lewe van Legio, en Hy neem die volle inisiatief om hierdie menslike wrak te herskep tot ’n lewende, werkende ledemaat van Sy Verbondsliggaam.

Hoe gebeur dit? – In die heel eerste plek verslaan Jesus die aartsvyand:

*Vervolg op bl 2*

### IN HIERDIE UITGAWE

Die Vader in die huisgesin.....	3
Uitkomsgerigte onderwys.....	6
Kinders van Nederland.....	9
Drogredenasies .....	12
Skrifuitleg.....	13
Ons taal.....	14

## Vervolg van bl 1

Hy verjaag die Satan se diensknegte uit Legio se lewe. Die verwoesters moet daar uit .... (vers 8). Dan eis Jesus van dié verdwaasde mens sy volle selfbekendmaking (wat by Jesus wel bekend was, maar vir Legio van lewensbelang was) (vers 9). In Sy Goddelike almag red en reinig Jesus Christus vir Legio volledig (vers 15). Hy herskep die mooie baba van vroeër, vanuit sy diep verlore chaos, tot 'n bruikbare en skoon werktuig vir Sy opdrag! (verse 19 en 20).

En Legio se deel – Selfs die Duiwel oorspeel gewoonlik sy hand! Hy dryf vir Legio om Jesus te bestorm met

die gewone intimidasie-roetine. God word nooit deur Satan geïntimideer nie! Voor Jesus móét Satan neerval en oorgee en begin smee (verse 7(b), 12, 17), maar Sy Doel en Almag kan nooit frustreer word nie. Hy het oor die see van Galilea gevaar om Legio te gaan red kragtens Sy soewereine, verkiesende, Genade. Dit is presies wat Hy gedoen het. Legio wil graag by sy Verlosser bly om te skuil en te leer en te dien. Sy Verlosser sê vir hom néé. Ek gee jou veel beter as wat jy vra: Nie jý fisies in Mý aardse omswerwinge betrek nie, maar Ek sal deur My Gees by jou bly – vir ewig! Gaan doen wat Ek vir jou sê .... dit is jou hele lewe!



## Gedenkblad steeds te koop

In die vorige uitgawe van ons tydskrif is lede/lesers daaraan herinner dat die gedenkblad oor die Vereniging se 50-jarige bestaan in twee verskillende weergawes en pryse van die kantoor bekom kan word. Danksy goeie reaksie is die eerste, gewone uitgawe teen R55 (versendingskoste ingesluit) besig om vinnig uit te verkoop. Intussen is heelwat van die tweede, 'n glansweergawe, teen R105 (versendingskoste ingesluit) nog beskikbaar. Belangstellendes wat die goedkoper weergawe wil bekom, word gevra om die kantoor vroegtydig van u tjek/ bewys van inbetaling te voorsien. Slegs 'n beperkte oplaag van elke weergawe is gedruk.

Die gedenkblad bevat allerhande interessante wetenskaplike oorsake oor verskillende aspekte van die VCHO se funksionering en bevat 'n ryke verskeidenheid fotomateriaal. Intekenaars hierop sal 'n baie goeie geheelindruk van die Vereniging se betekenis vir die onderwys in die besonder, en die volkslewe in breër verband kan verkry. Deur hierdie blad bied die Vereniging as't ware aan sy lede verslag oor wat vermag kon word, danksy hulle onvermoeide steun, en ten spyte van beperkte bronne, onder die seënende hand van die Here.

Stuur u tjek aan die kantoor of betaal die ekwivalente bedrae in in die Vereniging se rekening:

.....

### Bestelvorm vir VCHO-gedenkblad

Die bedrag van R55/ R105 is ingesluit/ inbetaal (skrap wat nie van toepassing is nie).

My adresbesonderhede is soos volg:.....

VCHO-bankbesonderhede: .....

ABSA Bank, Maitlandstraat-wes .....

Takkode 632 005

Poskode.....

Rekeningnr 470-910-011

Faks u bewys van inbetaling na 051- 448 4669, of pos aan VCHO, Posbus 1824, Bloemfontein 9300.

.....



# Die vader se rol in die huisgesin van die 21ste eeu

- Dr J du P Malan



(Hierdie is deel 1 van 'n referaat wat tydens 'n VCHO-kongres gelewer is. Deel 2 verskyn in die volgende uitgawe van ons blad.)

## Inleidend

Ons bevind ons in 'n krisistyd. Die geweld waarmee die storms van die 21ste eeu woed, om alles wat Godvererend en goed is te probeer wegwaai, laat 'n mens se hart krimp. En nou is dit in 'n tyd soos hierdie dat ons, gewone feilbare mense, geroep word om **ouers** te wees van kinders; om **huisgesinne** te bou wat sterk genoeg sal wees dat hulle die stormgeweld sal kan weerstaan.

Hoe kan hierdie vesting, die huisgesin, weerbaar gemaak word?

Die Here Jesus self het vir ons geleer dat 'n vesting wat in 'n storm staande wil bly, nie op sand moet rus nie, maar gebou moet wees op vaste rots.

As ons sinvol en verantwoordelik wil besin oor die huisgesin en die taak van die gesinslede, moet ons gewillig wees om heelvoor te begin, by die **fundamente**...

Waar kom hierdie verskynsel van-

daan? Dan kan ons kyk na ons eie gesinslewe en vir onself vasstel of ons so veranker is aan die Ewige Rots dat ons die stormdreiging van die 21ste eeu sal kan oorlewe.

## 1. Waar kom 'n huisgesin vandaan?

Die Almagtige Skepper van alle dinge openbaar Homself en sy wil in sy Woord, die Bybel. Elke mens wat dit glo en aanvaar het dus 'n onfeilbare rigsgnoer waarop hy sy hele lewens- en wêreldbeskouing kan berus, sonder om ooit daaraan te twyfel.

Vir ons as Bybelgelowiges is dit dus onsinnige dwaasheid wanneer mense beweer die huisgesin is bloot 'n sosiologiese verskynsel wat ontstaan het toe mense begin saamwoon het.

### Wat is opvoeding eintlik?

Dis nie net kennis en vaardighede meegee nie. Dit is in der waarheid OPvoeding, voeding na BO. Om jou kind vir God groot te maak. Dit is die ouertaak. Daarom staan die ouers besonderlik in **die amp van ouerskap**, deur God daartoe verkies en aangestel.

'n Amp is 'n spesifieke taak waartoe iemand aangestel word deur 'n gesagspersoon. Hierdie amp van ouerskap is die oorspronklike, die fundamentele amp waaruit alle ander ampte afgelei is. Die ouer moet vir sy kind **alles** wees, priester, profeet, koning, en in die proses sy Godgegewe taak vervul om sy kind vir God groot te maak, by God terug te bring.

**Vir gelowiges is dit nou so dat by die sakrament van die doop hulle as ouers hulself verbind deur die doopgelofte om hulle ampstaak op te neem. Die ouer onderneem dat hy sy kind, - God se kind, - sal OPvoed.**

**Die in sonde gevalle mens kan self**

**nooit by God uitkom nie, maar alleen wel in en deur sy Verlosser Jesus Christus. Dit is ook al manier waarop hy sy kind by God sal kan uitbring.**

## 1.2 Maar daar kan geen opvoeding wees sonder gesag nie.

Wanneer God, die Hoogste Gesag, sy wet gee om die mens se lewe op aarde te reël, dan lê Hy reeds daar in die vyfde gebod ten opsigte van menslike verhoudings die gesag vas, wanneer Hy die ouers in sy plek aanstel. Daarmee het God ouerskap verskans.

Die gesag van ouers is afgeleide gesag: **die ouer** is met gesag bekleed om in God se plek die kind groot te maak - op te voed. **Die kind** word deur God verplig om hierdie gesag wat in sy ouers setel te erken. As 'n kind dus aan sy ouers gehoorsaam is, is hy eintlik aan God gehoorsaam.

Hier, in die **gesag**: die **uitoefening** daarvan en die **erkenning** daarvan, hier vind die kontak plaas, die **kommunikasie**, waardeur ware opvoeding plaasvind of waar dit skipbreuk ly.

## Dit is kortliks die fundamentele Skrifbeskouing waarop ouerskap en die huisgesin berus.

## 2. Hoe lyk dit in die praktk met die gesin van die 21ste eeu ?

Daar is dinge waarna ons moet kyk ten opsigte van die bedreigde vesting, die huisgesin.

### 'n Gesagskrisis het ontstaan.

Die werklikheid is dat talle ouers hulle gesag ontduik. Soms weens gemaksug omdat hulle meen dat daar ander instansies gekom het wat hulle kind sal opvoed, soos die skool en die kerk. Dan verplaas ouers hulle verantwoordelikheid.

**Vervolg op bl 4**



### Vervolg van bl 3

Daar is ook ander redes vir hierdie gesagsontduiking, soos selfsug, materialisme, die eise van die ekonomie wat ouers (en veral vaders) vir lang tye uit hulle huise neem, ens.

Gesagsontduiking werk egter dwarsdeur die hele maatskappy in al die krisisse van ons dag, aan universiteite, stakings, betogings, in openlike gebrek aan ontsag vir gesag.

Die **wortels** van hierdie probleem lê in die ouerhuis waar mense verleer het of vergeet het wat **gesag** is en waar dit vandaan kom.

Ek glo dis hieroor dat veral die **man**, die **vader** in die huis, aangespreek moet word.

Hy is in die eerste instansie die gesagsfiguur in die huis. Daarom moet veral hy verstaan wat gesag is en hoe dit uitgeoefen moet word.

Ook die kinders moet beseft dat dit 'n Goddelike eis is dat hulle hulle ouers moet gehoorsaam. Daarvan hang hulle behoud en die behoud van die gesin af.

2.2 Die gesagskrisis het angels wat wyd tref, want die gees wat dit meebring laat ook die huwelik 'n krisistyd belewe.

Omdat mense nie meer **gesag** wil erken nie, wil hulle ook nie **verantwoordelikhede** aanvaar nie. Daarom wil sommige buite die huwelik na die liefde soek, sonder die bindinge van die huwelik.

Mense dink hulle kan geluk vind sonder om die **verantwoordelikhede** wat dit meebring te aanvaar. Asof geluk iets is wat jy kan bereik, 'n ideaal waarby jy kan arriveer! So baie verstaan nie dat geluk die manier is waarop 'n mens deur die lewe reis, 'n neweproduk van werk, speel, liefhê, lewe, en nie 'n stasie waarby jy gaan afklim nie.

En binne-in die geborgenheid, die sekuriteit van die huwelik en die gesin, kan 'n mens jou hoogste geluk op aarde vind. So het die Skepper dit bedoel. Maar, dan moet daaraan en daarvoor gewerk word. Dit kom nie sommer vanself nie.

Ouers moet saamwerk om van 'n huis meer te maak as vier mure en 'n dak as hulle dit wil omskep in 'n tuiste, 'n hawe, 'n skuilplek, die voedingsplek en die opvoedingsplek van 'n nuwe geslag. Dit was nog altyd harde werk. Veral in die 21ste eeu is dit baie harde werk.

2.3 Volgens die Bybel is die pa die een wat deur God uitverkies is om die hoof van die huis te wees.

Dieselfde Skrifgedeelte wat die vrou beveel om aan haar man onderdanig te wees, beveel die man om sy vrou lief te hê. Om 'n leier te wees beteken nie om 'n diktator te wees nie, maar 'n liefdevolle motiveerder wat op sy beurt waardeer en gerespekteer word deur sy gesin.

God wil hê die pa moet die hartklop wees van sy gesin vir wie hy deur onderwysing en dissipline vorm en opbou. 'n Huisgesin wat aan sy roeping voldoen gebeur nie sommer vanself nie, dit is iets wat ontwikkel moet word volgens God se voorskrif. Vir so 'n geslaagde huisgesin is doeltreffende manlike leierskap onontbeerlik.

Die Skepper het nie die huisgesin geskep om 'n mislukking te wees nie. Gesinne misluk omdat hulle God se voorgeskrewe beginsels vir sukses verkrag. Hierdie beginsels vloeï voort uit die verhouding van man en vrou. Dis net as hulle twee hul Godegewe rolle reg vertolk in die huwelik dat hulle huwelik en hulle huisgesin 'n sukses kan wees. Daar is geen ander manier nie!

As Efesiërs 5: 25, 1983-Bybelvertaling, uitdruklik sê: "Mans, julle moet julle vrouens liefhê!" dan kom dit in die vorm van 'n bevel. In die oorspronklike Griekse taal is dit in die imperatiewe sin dat God jou beveel om jou vrou lief te hê. Nou sê mens: "Maar waarom? - Is dit nie 'n onlogiese bevel nie?"

Die rede waarom dit as bevel gegee word is omdat **mans** van **nature nie liefdevol** is nie en omdat **vroue** van **nature responsief** is - hulle is reageerders. As jy 'n vrou met liefde en teerheid behandel, sal sy liefdevol reageer. As jy haar met hardheid en bitterheid behandel, sal

sy in bitterheid reageer. Die man is die inisieerder en daarom kry hy die opdrag.

As man moet jy leiding neem in die gee van liefde in jou huis. Dit beteken dat jy tyd moet maak vir jou vrou en jou kinders, om met hulle te praat, saam met hulle te bid, na hulle te luister ('n uiters belangrike, soms tydrawende(!) saak), om met hulle betrokke te raak in plaas van net betrokke te wees met jou werk of jou besigheid of wat ookal.

Jy kan baie suksesvol wees as sakeman en 'n fatale mislukking as man en as pa, doodeenvoudig omdat jy nie jou vrou en jou kinders liefgehad het **op die manier** waarop God wil hê dat jy dit moet doen nie. Jy het jouself nie in liefde aan hulle gegee nie.

God het die pa aangestel as hoof van die huis. Die sterk, liefdevolle leierskap van 'n pa bou 'n sambreel van beskerming oor sy vrou en kinders. Hy neem die spanning van beslissings en so beskerm hy sy gesin deur hulle van daardie spannings te verlig.

Die vrou wat die gesin wil lei (uit keuse of uit noodsaak), vind dat sy groot emosionele spanning moet dra wat God nooit vir haar bedoel het nie.

2.4 Die tempo waarteen ons wêreld verander is asemnemens!

Om jou self te handhaaf moet jy aanpas by veranderende omstandighede, sonder om daardeur verswelg te word. Verstandige aanpassing bring mee dat ons die verskynsels en die vereistes van ons tyd grondig moet ken.

Dis in hierdie vinnig-veranderende wêreld dat vandag se kinders gebore word. Begrippe en waardes verander byna oornag en min dinge bly staties, vas en seker. Die massamedia bombardeer die jong brein van kleins af. En onder dit alles moet ouers ouers wees vir hulle kinders, - vir hulle die liefde en die sekuriteit gee waarna 'n kind smag.

Vervolg op bl 5

## Vervolg van bl 4

Dis vir die ouer, wat in 'n totaal ander milieu groot geword het, vandag moeiliker as ooit om hom in te leef in die psigiese wêreld en die bestaanswêreld van sy kind. En daarom is daar 'n vreemdheid tussen ouers en kinders, 'n gapende generasie konflik. 'n Pa het vir sy seun op 'n keer gesê: "Weet jy, toe ek jou ouderdom was..." toe stop die seun hom en sê: "Pa, pa was nooit my ouderdom nie!" En daar's baie waarheid in: pa was ook 17, maar nie in 2004 nie!

Vroeër dae was die kind se pa en ma vir hom die alwetendes. As hy skool toe gaan kom die juffrou ook nog by. Hulle was die onfeilbare bron van inligting, die hoogste gesag. Vandag slaan hulle powere figure teenoor die massamedia van kommunikasie en inligting vir hulle kinders wat voor die skerms grootword van die TV, die rekenaar en die selfone.

Dis doodgewoon nie sondermeer ouers se finale woord oor reg en verkeerd, oor goed en kwaad wat aanvaar word nie.

Van alle kante word **norme** afgekraak. Selfs die outoriteit van die Bybel as Hoogste Gesag word aan alle kante bevraagteken. Die tydsgees duld geen absoluutheids nie: alles moet in 'n vaal-grys onsekerheid gehul word om die filosofie van chaos in die hand te werk. Vir die jeug word voorgehou dat waarheid 'n relatiewe begrip is. Daar is geen absolute goedheid, absolute waarheid nie, word vir hulle gesê.

Selfs die Bybelse absoluutheid van "die dood en daarna die oordeel" word ontken, en reïnkarnasie word 'n vernane leerstelling van die nuwe filosofie.

Die permissiewe gees en die krete van "menseregte" eis dat gedurig toegewings gemaak moet word ten opsigte van die mens se gedrag. Vryheid moet tot sy uiterste gevoer word sonder om ooit 'n woord te rep van die verantwoordelikheid of gebondenheid wat juis deur vryheid veronderstel word. Trouens, ou

aanvaarde begrippe soos liefde en vrede het nie meer die tradisionele betekenis nie, maar word met nuwe inhoud gelaai deur willekeur en bandeloosheid.

Die "teen-kultuur" wat soos 'n wegholvuur oor die aarde brand, wil die bestaande rangordes van waardes omgooi en, deur 'n eenvoudige styl van klere en hare en musiek en mode by die jeug die illusie skep dat alle jongmense een groot gemeenskap is wat oor alle belemmerende grense heenstap, betower deur 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing wat al die ou dinge wegvee: **God se Woord, gesag, ordentlikheid, selfrespek, die binding van die huisgesin.**

Op geestelike, godsdienstige en sedelike gebied beleef ons een van die mees negatiewe tydperke in die wêreldgeskiedenis. Die bodem waarin die kiem van die godsdiens en die sedelikheid en selfs die vaderlandsliefde moet ontwikkel, is totaal bar.

### 2.5 Een van die tergendste probleme van ons tyd ten opsigte van die gesinslewe is die verlies van die vaderfiguur. Dit is ook waar van die Christengesin.

Dit is nou eenmaal so dat ons geïndustrialiseerde wêreld meebring het dat die magtige monster van die moderne industrialisasie in 'n groot mate reeds die man, die vader in die huis, ingesluk het.

Die tye waarin die gemiddelde vader werklik tuis is het gevaarlik gekrimp, en so half ongemerk het ons 'n matriargale samelewing geword.

Die vrou en moeder staan al hoe meer alleen in die opvoeding van haar kinders en dikwels moet die vrou nou 'n dubbele rol vertolk. Sy moet in die huis die gesagsfiguur wees sowel as die vertrouensfiguur. Sy, wat die eintlike liefdesfiguur is by wie die kind skuiling en simpatie moet vind, moet nou ook, uit nood van omstandighede, die gesagsdraer wees wat alleen die dissipline in die huis moet handhaaf.

Dikwels gebeur dit dat die pa in 'n

word met wie daar net gedreig word. En as die pa dan kom, voel hy al klaar so skuldig dat hy die bloedjies so min sien, en buitendien wil hy nie hê dat hulle hom moet haat nie, en dan straf hy nie. En die dissipline word ondermyn!

Hierdie rolverwarring is 'n wesentlike bedreiging van die gesinslewe.


Vir 'n gebalanseerde geestelike ontwikkeling het die kind die invloed van sowel die pa as die ma nodig, en in die verskillende ontwikkelingsfases van die kind is die vader-verbondenheid essensieel.

Veral die seun moet sy pa so goed ken dat hy hom met sy pa kan identifiseer en, in sy natuurlike behoefte om te idealiseer doen dit wonders vir sy latere lewe as sy vader daardie plek van die ideaal kan inneem **veral in sy ontluikingsjare.**

In sy siel het elke kind behoefte aan die gesagsfiguur van die vader; die sterk beskermer, die hoogste outoriteit, die een op wie hy hom kan beroep. Maar, dis 'n gesagsposisie wat hy met liefde en begrip en kennis moet beklee.

Veral ook wanneer hy moet tugtig moet hy dit nooit in woede nie, maar met begrip doen en altyd weer die vrede daarna herstel, sonder om iets van sy waardigheid as gesagsdraer daarby in te boet.

As daar in die huis rolverwarring plaasvind, dan steek die probleme maklik hulle kop uit, soos dié van feminisme by seuns of mannetjiesagtigheid by dogters, en die probleme van homoseksualiteit en lesbianisme waarmee baie duisende mense vandag vassit.

In die huis bly die pa steeds die sleutelfiguur. Die Bybel maak dit baie duidelik dat vaders in God se plan nie net daar is om te sorg dat die wêreld bevolk word nie, maar om ook die lewes van die kinders wat hulle verwek, te help ontwikkel. Daar is al gesê: om 'n kind te **verwek** is maklik, enige hoereerder kan dit doen. Maar om 'n kind **groot te maak** is harde werk. 

# Kondisioneer d.m.v. UGO of eksploiteer t.w.v. CO

- HJ Hayes

**Die opskrif van hierdie bydrae suggereer dat die ideaal van Christelike onderwys vir verbondskinders van al die volkere van Suid-Afrika nog nie gerealiseer het nie, en dat gevolglik nie hierin berus mag word nie, maar dat met doelgerigtheid en inspanning deur Christen-Afrikaners meegewerk moet word, ter bereiking daarvan.**

## **'Opvoeding' tot wêreldburgerskap**

Dit is nie bloot toevallig nie dat die ontwerpers van Kurrikulum 2005 destyds op 'n uitkomstgerigte model vir die inrigting van die onderwys in Suid-Afrika besluit het. Dit is trouens 'n model wat op die behavioristiese wetenskapsbeskouing berus, waarvolgens van die standpunt uitgegaan word dat mense – deur van gedragaanpassingsmeganismes gebruik te maak – sodanig gevorm kan word dat dit vooropgestelde uitkomste tot gevolg sal hê.

Die kritiek in hierdie bydrae teen die kurrikulum setel egter nie daarin dat sekere uitkomste daarmee beoog word nie, maar wel in die bepaalde mensbeskouing en ideologiese gedreweheid wat daarin na vore kom. Belangrike aspekte van die tradisionele opvoedingsleer is en word in die proses oor die hoof gesien, om 'n sisteem te ontwikkel wat verlangde resultate moet lewer, wat die sosiale omvorming van die samelewing ten doel het.

Enersyds word die mens gedegradeer tot iemand wat aan 'n wêreldlike gedragskode moet beantwoord, ten einde status in die samelewing te geniet. Persoonlike uniekheid en individuele verskille word verontagsaam. Die ander kant van die problematiek is die oordrewe siening van die mens, waardeur in

die onderwys die leerling na die sentrum verskuif word, en in die openbare lewe mond dit (later) uit in die oorbeklemtoning van die 'regte van die individu' – wat in ons tyd die slagspreuk van die massas is. Die leerling word nie geleer om vir sy/haar aardse bestaan van God afhanklik te wees en verantwoordelikheid vir sy/haar lewe te neem nie, maar wel deur sogenaamde eise/ regte af te dwing deur met gebalde vuiste en swaaiende heupe te betoog.

Die gedragswetenskaplike, Spady, wat die grondlegger van UGO, Bloom, opgevolg het, het die metode daarvan (uitkomstgerigte onderwys) benadruk. Hiervolgens moet skoolprogramme en leeropdragte so gefokus en georganiseer word dat dit gedefinieerde uitkomste sal voortbring; waaraan hy dan toevoeg dat leerlinge wat dit deurloop het, in staat moet wees om by skoolverlating te kan demonstreer dat hulle na die eise van die gedragskode ("code of conduct") gevorm is. Die opvoedingsgebeure word in sy totaliteit na die verwerking van vasgestelde uitkomste herlei. In die finale instansie is dit dus gereedheid ooreenkomstig verwagte uitkomste, gemeet aan gedrag, houdings en vaardighede, wat die geslaagde voltooiing van die kurrikulum bepaal. Dit is die formule waarvolgens nuwe wêreldburgers óók vir Suid-Afrika d.m.v. die onderwys gekweek word.

## **Die staat as beheersende geestesmag**

Deurgaans moet daarmee rekening gehou word dat die konsep dat die staat as die beheersende geestesmag (religie) in die samelewing voorgehou word, onteenseglik daartoe bygeda het dat in die formulering van die leeruitkomste, gediensig-

heid aan die staat bevorder moet word, wat iets heeltemal anders is as onderwerping aan die owerheid, volgens Romeine 13. Dit kom uiteindelik daarop neer dat 'n sosiaal-polities geharmonieerde samelewing, waarvan die gedraginge van die ingesetenes volledig aan die wil en wense van die staat voldoen, as die hoogste doel vir die onderwys gestel word. Die hedendaagse geneigdheid om gedurig politiekorrekt te wil optree – al sou iets met my Christelike gewete/ oortuiging in stryd wees – moet hieraan toegeskryf word. In die Christelike wysbegeerte word die alomvattende betekenis van religie in 'n mens se lewe treffend geïllustreer.

Ten spyte daarvan dat ('ruimhartiglik?') vir godsdienstige strewinge in die grondwet voorsiening getref word, word die funksie van godsdiens in die samelewing effektief genivelleer deur die invoering van 'n multi-godsdiensbenadering. Onder die besef dat die spanning wat deur die baie godsdienste van Suid-Afrika teweeggebring word in 'n bedreiging vir die staatsgerigte denkpatroon kan ontaard, moet 'n oplossing hiervoor gesoek word. Die oplossing is in sinkretisme geleë, waardeur die godsdienste in 'n nuut-gefabrieseerde 'intergodsdienste' saamgesnoer word, wat moet verseker dat daar nie oorheersing van een godsdiens bo 'n ander sal wees nie. Oënskynlik lyk dit na godsdiensgelykheid, wat alreeds vir die Christelike denke onhoudbaar aandoen, maar in werklikheid is dit die inperking van godsdiensvryheid. Dus; ook die godsdienste van die land word aan die sanksionering van die staat onderhorig gemaak.

*Vervolg op bl 7*



## Vervolg van bl 6

In die hersiene kurrikulumverklaring vir grade 10 tot 12, word dit soos volg uitgedruk:

*Outcomes-based education (OBE) forms the foundation for the curriculum in South Africa. It strives to enable all learners to reach their maximum learning potential by setting the Learning Outcomes to be achieved by the end of the education process. OBE encourages a learner-centred and activity-based approach to education. The National Curriculum Statement builds its Learning Outcomes for Grades 10 – 12 on the Critical and Developmental Outcomes that were inspired by the Constitution and developed through a democratic process.*

Hieruit blyk dit duidelik dat, sover dit die uitkomsbenadering betref, die grondwet as die hoogste normbepaler van wat as goed en reg vir die samelewing beskou word, geneem word. Dit is die wesensbron wat aan Suid-Afrika se inwoners – as die bloudruk vir burgerskap – voorgehou word. Die openbare onderwysbedeling is sonder twyfel daarop gerig dat die mens sy bestemming binne die ondermaanse staatlikheid moet vind; d.w.s. 'n gereguleerde sekulêre burgerskap. Dit is daarom goed te begrype dat die idee van die nasie en nasiebou as kernideaal met alle moontlike middele bevorder moet word, en deur niemand teengestaan mag word nie. Diegene wat dit wel waag word as 'fundamentaliste' gebrandmerk en met optrede gedreig. Daardeur word die staat tot absolute verhef en die onderwys aan verstaatliking onderwerp.

### UGO opvoedkundig nie-verantwoordbaar

Die tradisionele onderwysbeskouing van vroeër word noodwendig deur UGO omvergewerp – juis omdat dit radikalisties in sy benadering is. Nou is dit nie meer gekontroleerde vakinhoudelike oordrag van beskawingskultuur nie, maar die gereguleerde voldoening aan vasgestelde leeruit-

komste.

Voorstanders van UGO wys graag op die logika daarvan:

- (i) Verlangde uitkomste word by wyse van leerlinggedrag, houdings en vaardighede bereik.
- (ii) Leerervaringe word ontwerp wat leerlinge na die bemeestering daarvan sal neem.
- (iii) Leerlinge word op allerlei wyse geevalueer; laaste, maar nie die minste nie, deur eksaminering. Diegene wat faal, word deur remediering en herleer wel daartoe gebring om te slaag.
- (iv) By voldoening aan leeruitkomste behaal 'n leerling sy/haar kwalifikasie.

Oppervlakkig beskou skyn dit 'n redelike redenasie te wees. In bepaalde omgewings kan so 'n benadering suksesvol wees word toegegee, maar gesaghebbende onderwyskundiges het ernstige bedenkinge oor die geldigheid daarvan vir die onderwys. Die wesenlike gevaar van UGO is juis dat dit as spoorslag dien vir die reglementering van jong onervare leerlinge, waar daar op 'n onnatuurlike (nie-opvoedkundige) wyse op hulle denke en ontwikkeling ingewerk word, wat nie vir hulle groei na volwassenheid bevorderlik is nie. Selfs al sou as teenargument aangevoer word dat ons ons nie maar net teen die negatiewe moet blindstaar nie, maar vertrou in God moet behou dat dit vir ons kinders ten goede sal uitwerk, bly die vraag: waarom moet ons hulle aan 'n minderwaardige en substandaard kurrikulum onderwerp, en wat in elk geval nie vir enkelgodsdiensoonderrig in die formele skoolprogram voorsiening maak nie? Opvoeding verwag tog die beste moontlik in omstandighede, en daar is modelle wat verreweg beter is.

Die opvoedkundige verantwoordbaarheid van Kurrikulum 2005 moet

derhalwe bevraagteken word.

### Kritieke rol van die onderwyser

Op die keper beskou bly daar 'n onontwykbare verantwoordelike rus op die skouers van onderwysers aan wie verbondskinders toevertrou word, om toe te sien dat aan diesulkes Christelike onderwys gebied word, afgesien van ander geloofsoortuigings wat daarvoor sou vra. Natuurlik het ons ook teenoor laasgenoemdes 'n verpligting. Indien dit egter nie van die onderwys van verbondskinders verklaar kan word dat dit daarop afgestem is om hulle aan God-drieënig te bind, asook na hulle eie volksaard ingerig is nie, sal alle ander pogings hoe goed ookal bedoel, as tevergeefs afgemaak moet word. Die kritieke vereiste is dat die onderwyser in die aanbieding van die vak/ leerarea dit so sal inkleef dat die leerling telkens tot die besef gebring hoedat die onderwerp van studie sinvol in die grootse skeppingswerk ingebed is, aan die goddelike verordeninge onderworpe is, en dag vir dag deur God se voorsienigheid in stand gehou word.

Die sleutelposisie wat die onderwyser in die opvoeding en onderwysing van ons kinders inneem, word hiermee erken. Talle volwassenes kan en het al daarvan getuig dat dit die onderwyser se benadering en optrede was wat die aanvoorwerk – van mensekant gesien – gedoen het, om hulle tot die Christelike lewensooruiging te bring. Hedendaags maak die eise wat deur 'n liberaal-humanistiese kurrikulum gestel word, dit 'n baie groter uitdaging. Dat daar onderwysers is wat steeds bereid is om te waag ter wille van hul opgelegde roeping, moet as prysenswaardig beskou word. Dit word terdeë besef dat daar nog 'n komponent van hulle is wat getrou wil bly in die vervulling daarvan, selfs al sou dit meebring dat hulle hul eie posisie in gevaar stel. As dit nie vir besiedes soos hulle was nie, sou van Christelike onderwys in die algemeen maar weining tereggekome het.

Vervolg op bl 8

## Vervolg van bl 7

'n Mens kan jou kwalik voorstel water wysheid, vindingrykheid en oordeelkundigheid onderwysers wat die Christelike lewensooruiging in hul vakaanbiedinge wil integreer, aan die dag moet lê, by gebrek aan 'n kurrikulum wat hom spesifiek daartoe leen. Desondanks word uit verskillende oorde talle mededelingen oor suksesse verneem, wat as 'n oorwinning vir die Christelike standpunt beskou moet word.

Teenoor onderwysers in die openbare en privaatskole wat hulle nog getrou aan hulle lewensroeping toewy en, gegewe die huidige ongunstige onderwysbedeling, nogtans daarvoor beywer dat daar van Christelike vakonderrig veel teregkom, word graag erkenning verleen en waardering uitgespreek. Vir sulke onderwysers moet voortdurend voorbidding gedoen word, en hulle verdien ons hoogste agting en beste ondersteuning. Maar; rus die verantwoordelikheid in hierdie opsig dan geheel en al nét by daardie groepie getroue onderwysers? Wat dan nou van die ouers wat hulle deur hulle belofte teenoor God daartoe verbind het?

### Tussen wat is, en wat behoort te wees, 'n wêreldse verskil

Wanneer dit alles gesê is, bly die kritieke kwessie van die soort onderwys wat ons vir ons kinders in gedagte het, nog onafgehandel. Want, met inagneming van dit wat ons tans het (sekulêre humanisme), die belofte wat ons vantevore teenoor God onderneem het en trouens by elke doopgeleentheid herbevestig, en die teenstelling tussen wat ons weet behoort te wees en dit waarmee ons ons tans maar laat welgeval sover dit openbare onderwys betref, kan daar nie *ad infinitum* by berus word nie. Die akkommodering van 'n ambivalente lewenshouding, waarin gelyklik aan twee onversoerbare standpunte vasgehou word, is vanuit 'n Christelike perspektief gesien, onhoudbaar, aangesien laasgenoemde 'n onver-

deelde trou en lojaliteit veronderstel (Efesiërs 4).

### Wat staan my as ouer nou te doen?

#### Herwaardering van identiteit

Die Christen-Afrikanerouer sal hom/haar nie daarvan kan verskoon, indien hulle kinders nie hierdie soort onderwys – Christelik-volksgebonde – ontvang (het) nie, vanweë die bepaalde godsdienstig-kulturele agtergrond waarvandaan hulle kom en die belydenis wat hulle eens afgelê het. Anders as die onstabiliteit van die Suid-Afrika-in-wording, was die sekuriteit en verbondenheid van ons volk sedert sy ontstaan en tot vandag toe opgesluit in ons behorendheid aan dié Enige God en 'n eie volk. Dit is hierdie identiteit wat die fundering, inhoud en kwaliteit van Afrikaneronderwys opnuut moet kenmerk en stempel.

#### Benutting van elke geleentheid

Dit is in die heersende omstandighede van kardinale belang dat daar voortdurend ondersoek ingestel word na alle moontlikhede wat op enigerlei wyse benut kan word om Christelike onderwys te bevorder. Daar is, byvoorbeeld, die oortuiging dat – die sekulêre inslag van Kurrikulum 2005 ten spyte – geleenthede ten baat geneem sal word om die Bybelgefundeerde standpunt in die klaskamer te stel, indien dit dan nie by voorbaat as uitgangspunt geneem kan word nie. Die inhoud en inslag van die kurrikulum bied miskien juis 'n ideale aanknopingspunt daarvoor, wat met behendigheid deur onderwysers uitgebuit kan word.

#### Herposisionering binne die onderwysopset

Die resente verwickelinge in die openbare onderwysopset het ons geleer dat dit 'n risiko inhou, indien onderwys nie aan ouerlike verantwoordelikheid toevertrou is nie, maar dit aan die staat oorgelaat word. Volgens ons Bybelse beskouing het verbondsouers 'n dure verpligting

om toe te sien dat die onderwys aan die vereistes voldoen waartoe hulle hulle vantevore verbind het, kragtens hulle belofte by die doopvont. Die feit dat openbare onderwys deur die staat beheer word, ontnem ouers die voorreg in juridiese sin, maar onthef hulle nie van die verantwoordelikheid nie. Oor hierdie bepaalde problematiek sal daar na behore besin moet word, aangesien dit teen hierdie tyd duidelik behoort te wees dat die staat afwysend en onverskillig staan teenoor die idee van Christelike onderwys. Waar gehoorsaamheid aan God as hoogste imperatief geld, volg dit dat sover dit die Christen-Afrikanerouer aangaan, dit sal moet aanstuur op 'n herposisionering binne die onderwysopset, sodat hy volle seggenskap vir die onderwys van sy kinders kan begin neem.

#### Herkonsolidering van beskikbare kragte

Ons Vereniging beywer hom sedert sy stigting vir die saak van Christelike onderwys. Sedertdien het tye en omstandighede in Suid-Afrika dramaties verander, tot dié mate dat dit wat ons tans beleef as 'n krisis van ongekeerde omvang bestempel kan word. Dit het sy noodwendige neerslag in ondermeer die maatskaplike lewe sowel as die onderwys. In Afrikanergeleedere word die toepassing van onderdrukkende beleid en wetgewing as uiters negatief ervaar. Tans word die weg gevolg dat die krisis soos wat dit ontstaan, met teenoptrede ontmoet word, wat reeds tot die ontstaan van verskeie organisasies gelei het. Daar kan geen beswaar wees teen organisasies wat hulle vir die onderwys beywer nie. Die kwessie waarvoor besin moet word is egter eerstens óf die teenoptredes vir verskillende krisisse nie maar net tydelike oplossings bied totdat daar 'n volgende is, en hoe lank daarmee volgehou sal kan word voordat bronne uitgeput is nie. Tweedens moet

Vervolg op bl 9



## Vervolg van bl 8

gevra word of gelokaliseerde optredes werklik die antwoord op die onderwyskrisis bied. Sal die problematiek betreffende die onderwys uiteindelik op hierdie wyse doeltreffend aangespreek kan word? Het dit nie tyd geword dat 'n ander strategie bedink word nie; een wat daarop gerig is om die probleem in sy totaliteit te hanteer; in die proses waarvan alle beskikbare kragte wat hulle op Christelike belydenisgrondslag stel en

die Afrikanerbelang in wydste sin in die oog het, hulle daartoe verbind om hulle eendragtig daarvoor te beywer dat 'n bedeling vir Christelik-volksgebonde onderwys met alle moontlike middele bevorder word.

### Heropneem van ons erfenis en roeping

Daar mag – kragtens ons Calvinistiese erfenis en roeping – nooit van die ideaal afgesien word nie dat die Afrikanergemeenskap hom voort-aande doelgerig daarvoor sal beywer

dat 'n situasie uiteindelik bereik word waar daar vir Christelike vakonderwys in al sy geledinge en vir ten minste alle verbondskinders in Suid-Afrika voorsiening gemaak word. Daarmee word bedoel dat elke vakgebied/ leerarea volledig in die Woord van God gefundeer sal wees en inhoudelik die Christelike norme sal weerspieël. Christen-Afrikanerouër; is u bereid en gereed om hierdie uitdagings te aanvaar?



# Die kinders van Nederland...en ons s'n?

- Ingestuur deur 'n ouer en lid van ons Vereniging

Uit Nederland word van ons geesgenote verneem dat daardie land hom toenemend in die greep van geweldadigheid, seksuele perversiteit en die okkulte bevind. Dit is tans so oorheersend dat dáárna verwys word “als een vloedgolf het land in bezit genomen heeft”.

In 'n artikel in die Februarie 2005-uitgawe van die tydskrif, *Bijbel en Onderwys*, gee die skrywer, TJ Schep, 'n beskrywing van die verskriklike toestand in sy land, wat 'n mens aan die hart gryp, te meer as daaraan gedink word dat dit die land was waarvandaan die eerste voorsate, waaruit ons geliefde Afrikanervolk later sy ontstaan gehad het, na Suid-Afrika gekom het; en dit wel met die gereformeerde-Christelike belydenis, leer en lewe.

Dit is hierdie verskynsels waarna Schep verwys, wat groot wêreldryke laat ondergaan het. Maar, verklaar hy (Schep) dan in geloof, dat ten aansien van die Christene in Nederland, hulle met hul lewens, met alles wat hulle bestaan omvat en wat hulle besit, in hulle verbondenheid met die God van Israel en met sy Seun, Jesus Christus, die toestand aldaar so beskou as dat dit as't ware die 'landskap' in figuurlike sin uitmaak, waarop daar in en deur die Christene se lewens gewerk word, waardeur die ondergang van dié land verhoed sal word.

Schep skryf verder dat die Satan in afgelope dekades baie in Nederland

'geïnvesteer' het. Hy grond sy waarneming daarop dat Nederland 'n strategiese land in terme van sy geografiese ligging en volksaard is (dink aan die vroeëre gereformeerde inslag en die geweldige invloed van die Nederlandse Christelik-wetenskaplike denkwerk). Waar Nederland om hierdie redes in 'n uiters gunstige posisie verkeer, wat sy internasionale gerigtheid betref, om 'n Christelike (beskawings-) invloed te laat uitgaan; daardeur 'n instrument in die hand van God te wees, en ook daartoe voorbestem is, volgens Schep, is die Satan terdeë hiervan bewus, staan hy dit teen, en werp alles in die stryd om God se (alwyse) plan met Nederland te dwarsboom en verhinder.

Heel tereg vra die korrespondent dan waarom dit so is dat die sataniese aanslag op die kinders en jongmense van Nederland gefokus is. Hy antwoord dat dit nie slegs is omdat hulle nog maklik beïnvloed word en in die proses is om die vormgewers van die toekoms te word nie; daar is 'n nog belangriker rede. Hy stel dit dat, wat die huidige geslag kinders en jongmense betref, hulle vir iets besonders bestem is. God wil Sy raadsplan in en deur hulle ten uitvoer laat bring. Schep noem dit 'iets geweldigs' en verklaar dan dat daar, in die lig hiervan, met ander oë na die kinders van Nederland gekyk moet word. Dit hou

verband met sy vroeëre uitspraak dat iets sal gebeur waardeur die land nie sal ondergaan nie.

Schep gaan dan verder in op die Satan se strategie, waarvan die oogmerk is om 'n geslag te laat grootword wat bedorwe is sover dit die Bybelse evangelie aangaan. Wat hy daar skilder is 'n uiters verontrustende tafereel, wat beskryf word as dat die kinders van sy land moet “besit word van demonen, sodat deze sameleving volledig satans kant heen gestuurd kan word!” Daartoe moet verhale van hekse en towenaars vol magiese towerkunste en (bose) geeste wat hulle webbe spin en weef in die gedagte- en beleweniswêreld van jong kinders, 'n bydrae lewer, aangevul met fantasiereise en speletjies (waarvan o.m. Pokemon), sodat dieper kontak gemaak en sterker bande gesmee word met die (onder-)wêreld van die Bose.

Die gevolg hiervan is dat by disko-teke en huispartytjies die sataniese en “de horror” al meer openlik voorkom, gekombineer met die perverse en met wreedheid, waar gewetenlose jong harte verhard en verstarde op allerhande dwaalweë meegevoer word, al bly hulle goddelik beminde.

“Hoe nou gemaak?”, merk ons Nederlandse geesgenoot op, waarop

Vervolg op bl 10

## Vervolg van bl 9

hy dan onmiddellik antwoord, deur die leser na die Woord van God te neem. Sy vraag aan Nederlandse ouers is of hulle en die kinders wat aan hulle toevertrou is/ word, die goddelike bedoeling in die lig van die Bybelse openbaring reg verstaan. Hy verwys na oud-Israel tot wie die aanklag gekom het dat hulle die kinders geneem en aan die afgod Molek geoffer het. In Esegïel 16: 20, 1953-Bybelvertaling, word die aanklag gerig: "Verder het jy jou seuns en jou dogters geneem wat jy vir My gebaar het, en dié aan hulle geoffer om verteer te word." Die Israelitiese ouers het die kinders wat aan God behoort, nie aan Hom toegewy in opvoeding en onderwys nie, maar eerder aan afgodsdienste. 'n Tweede saak wat Schep noem is die onverskilligheid van ouers, wat bloot niks met die opvoeding van hulle kinders te doen wil hê nie, en sake hul gang laat gaan. Neem ouers ooit kennis van die okkultiese en van dit wat in die skool en voor die rekenaar gebeur, en indien wel, wat doen hulle daarmee?, word gevra.

Dit laat Schep die sielsdeursoekende vraag stel: **hoe lewend, en werklik**, (moet 'n mens daarby voeg), **is die God van die Bybel vir my as ouer?** Volgens hom sal dit die verskil maak tussen bloot tevrede te wees met die verskansing wat hoë mure en veiligheidshekke bied (fisiese sekuriteit), of 'n ingesteldheid dat God self die onbepaalde (opvoedkundig-maatskaplike) situasie in Sy hand sal neem, deur dit doelbewus aan Hom op te dra en op Sy albeskikking te vertrou (geestelike sekuriteit), en daarvolgens te handel.

Om in daardie benouende omstandighede op God te vertrou, sê Schep, is nie blote retoriek nie, maar wel iets wat geleer moet word, soos wat dit met die Joodse volk van destyds die geval was. Hoewel hulle in slawerny en later ballingskap aan (die heidense) perversiteit, wreedheid en okkultisme blootgestel was, het God in hulle midde gewoon en hulle beskerm.

Tot sover die artikel in *Bijbel en Onderwys*.


Hoewel die mededeling oor die toestand in Nederland skokkend is, is die tragiese toestand waarin die jongmense van daardie land verkeer nie die oorheersende tema van die artikel nie. Daar is in der waarheid 'n ander boodskap wat algaande na vore kom, naamlik die bederfwerende posisie wat deur die Christene in Nederland (ten behoeve van wie die situasie geskets word), ingeneem word. Die toestand soos wat dit daar met die menseoog waargeneem en beskryf word, kan moontlik vir baie mense daarop dui dat die Satan in volle beheer is, terwyl Schep deur die geestesoog 'n ander werklikheid raaksien, wat hom opgewonde maak. **Die Christene in ons stamland staan as't ware magteloos en weerloos teenoor die agteruitgang en verval wat soos die Noordsee oor die kusland wil spoel.** Oor die jare heen, so word vertel, is egter daarin geslaag om deur die bou van die polders, die see in bedwang te hou en die benutbaarheid van grondoppervlak algaande te verhoog, deur meer en meer daarvan droog te lê vir produktiewe gebruik. In der waarheid is die teenwoordigheid van die Christene in Nederland soos die polders, wat verhinder dat die see van ongeëretheid die land totaal oorspoel. Die Christelike invloed (al sou dit gering geag word, aan menslike maatstawwe gemeet) is van so 'n aard dat dit soos lig en sout is, wat verhoed dat die land geheel en al vernietig word. Die Christene staan as't ware as 'n buffer tussen die dekadensie en die land se algehele ondergang.

Dit is die werklikheid wat Schep vanuit 'n geloofsperspektief raaksien.

En wat nou van Suid-Afrika se kinders wil 'n mens onwillekeurig vra?; en watter invloed tot behoud van 'n samelewing oefen die Christendom in dié Suidland uit? Ons kan die vraag nie sommerso laat verbygaan nie, aangesien ons

graag teenoor mekaar en die buitewêreld bely (het?) dat ons hier met 'n doel en bestemming is, naamlik om, tesame met andere medegeleewiges, vir die voortgang van die Christelike beskawing in Afrika ons te beywer, as 'n onontkombare roeping, want hoe anders sou ons ons Christenskap hier wil interpreteer?

Statistiek wil dit graag hê dat die Christendom in Suid-Afrika die grootste enkele geloofspesifieke groep is, met 'n persentasie na bewering van in die 70. Indien dit waar sou wees, sou die noodwendige gevolg daarvan moes wees dat die geweldige stroom van sekularisering wat ons tans beleef, effektief gestuit sou kon word. Ons het reeds toegelaat dat ons van 'n openbare onderwysbedeling wat volledig sekulêr (gestroop van Bybelgefundeerde inhoud) is, bedien word. 'n Eerste geslag van ons kinders is al deur hierdie sisteem en het dus reeds die langdurige blootstelling hieraan gehad. 'n Volgende geslag staan aan die begin van hulle skoolloopbaan. Dit word beweer dat, indien die proses van doelgerigte sosiale omvorming, soos wat met die heersende transformasie in die onderwys beoog word, oor twee of drie geslagte volgehou kan word, daar 'n nuwe geslag na vore sal kom, wat die godsdienste en lewens- en wêreldoortuiging van hul voorgeslagte afgesweer het. Met die Nederlandse ervaring in gedagte, is dit nie uitgesluit nie dat die situasie in Suid-Afrika 'n soortgelyke koerswending kan neem, met die gepaardgaande geestelike verwildering op alle fronte.

Of sal daar tussenbeide getree, en as't ware in die bres gaan staan word, ter wille van die kinders van Suid-Afrika? Dit blyk wel moontlik te wees, indien die Christendom die gerustheid wat in kwantiteit geleë is, aflê, en die geroepenheid wat in kwaliteit setel, opneem. 

# Kommentaar: beoogde onderwyswetgewing

(Departementshoof verwys in hierdie stuk na die hoof van die betrokke provinsiale onderwysdepartement.)

Voorgestelde onderwyswetgewing soos in die *Offisiële Koerant* van 18 Oktober 2004 gepubliseer, is nie bevorderlik vir Christelike onderwys nie, aangesien dit in feitlik elke opsig indruis teen die beginsels vir doeltreffende administrasie en bestuur, die handhawing van orde en dissipline, en die primêre ouerlike seggenskap en verantwoordelikheid betreffende hul kinders se opvoeding.

Die volgende aspekte word uitgelig:

## Doeltreffende administrasie in verhouding tot onderwyspeil en koste-implikasies

Die voorgestelde bepalings hou besliste administratiewe gevolge in, wat groter aktiwiteit van betrokkenes gaan verg, sonder gepaardgaande groter doeltreffendheid in die onderwys. In 'n poging om een probleem wat institusioneel geskep is (die resultaat van 'n sosialistiese beleid en magsbeheptheid) die hoof te probeer bied, is die onderwysowerheid nou daarop uit om deur wetgewing 'n sisteem wat groter staatlike beheer oor die onderwys ten doel het en 'n verdere administratiewe las nie net vir hulself nie, maar ook die skole tot gevolg sal hê, daar te stel. Wat opgeweeg moet word is die beginsel van basiese goeie onderwys wat deur goeie en koste-doeltreffende administrasie ondersteun word, teenoor, soos deur die wetgewing meegebring sal word, administratiewe oorbelading wat personeeluitbreiding met gepaardgaande hoër koste tot gevolg sal hê. Wie sal daarvoor moet betaal? Daarenteen kan niks in die voorgestelde wetgewing gevind word wat die standaard van openbare onderwys in SA op peil sal bring nie.

So verstewig die onderwysowerheid nie net sy greep op die onderwys

nie, maar sal 'n meer logge administrasie wat weinig met behoorlike onderwys te doen het orentgehou moet word.

## Bevoegdheid van departementshoof om 'n leerling te skors en opvoedkundige implikasies

Dit berus op die verwronge idee dat die individuele reg gemeenskaplike regte te bowe gaan. Die implikasie van die wetgewing is dat 'n leerling wat 'n ernstige oortreding begaan het en 'n regverdige verhoor gehad het, wat andersins 'n skorsing regverdig, nie geskors sal kan word nie, maar vanweë die opskortende bepaling, met skoolbywoning sal kan voortgaan, ongeag die feit dat dit ernstige ontwrigting vir die ander leerlinge sal veroorsaak. Die reg tot opvoeding en onderwys van die groep word daardeur geskend, aangesien die teenwoordigheid van die probleemgeval geduld moet word, ten spyte daarvan dat die skorsing en uiteindelijke verbanning uit die skool regtens geregverdig sou blyk te wees. Dit is 'n saak wat na twee kante behoort te sny, terwyl die wetgewing uitsluitlik op die bevoordeling van die oortreder gerig is. Analooq daaraan: die misdadiger word nie uit die samelewing weg-geneem nie en die gemeenskap moet met die teistering saamleef.

'n Tweede beswaar: die departementshoof wat nie by die verhoor teenwoordig hoef te wees en die feite eerstehands verneem nie, sal die finale beslissing oor so 'n geval hê, d.w.s. ongeag van wat die bevindinge van die ondersoekkomitee ookal sou wees.

## Skoolfondse – sosialistiese in-menging

Die beoogde wetgewing sal sekere ouers vrystel van die betaling van skoolgeld, terwyl ander wat as “wetlik daartoe verplig” bestempel word, die verpligting tot betaling opgelê word. Die vraag is of dit eties

korrek is dat sekere ouers geheel en al van die aanspreeklikheid vrygestel kan word, terwyl daar nogtans daarvoor voorsiening gemaak word dat die kinders van sodanige ouers tot alle voordele toegang verkry. Die Christelike beginsel is dat 'n teenprestasie gelewer word. Dit hoef nie noodwendig die betaling van skoolgeld te behels nie, maar kan byv. hulp met die instandhouding van die skoolgeboue of die opknapping van die skoolterrein, of dergelike insluit (daar is talle moontlikhede). Die gevaar bestaan egter dat ook die onderwyssisteem vir sosialistiese oorwegings uitgebuit mag word, ten dienste van die sogenaamd voorheen benadeelde groep, terwyl 'n ander beginsel van verpligte betaling vir die ander groep geld.

## Eienaarskap/ beskikkingsreg oor bates

Tans bepaal die Suid-Afrikaanse Skolewet dat die betrokke skool self oor eienaarskap van die bates beskik. Die beoogde wetgewing sal aan die lid van die uitvoerende raad die mag verleen om oor 'n sekere kategorie bates te beskik deur dit te kan vervreem, sonder enige vooraf skriftelike kennisgewing. Dit is 'n ernstige aantasting van die gevestigde regte van die skool, maar ook van die bevoegdheide van die beheerraad, sover dit eienaarskap betref, en wat eweneens as 'n sosialistiese ingreep gesien word.

## Aanstelling van onderwysers

Die bepalings in verband met die aanstelling van onderwysers is moontlik die mees ingrypende van almal. Die bestaande prosedure is dat die beheerraad sy aanbevelings aan die departementshoof voorlê wat dan uit die aanbevole kandidate 'n aanstelling doen, wat dus in 'n sekere sin nog die wil en wense van die beheerraad eerbiedig. Die

Vervolg op bl 12



# Drogredenasies en ander sulke gedrogte

## “Gehoorsame Ouers” (Deel 3)

- Ds C Bester


In die jongste verlede speel daar in Bloemfontein 'n makabere skouspel af – en hopelik is dit uniek aan Bloemfontein!

Volgens persberigte is daar 'n bendetjie Afrikaanse hoërskoolleerlinge – uit “gesiene” families en skole wat 'n woonbuurt terroriseer met dae wat baie herinner aan die uitdagings waaraan kandidate moet voldoen om toegelaat te word tot Satanistiese selle.

Volgens die persberigte dra die ouers sowel as die polisie kennis van die dae sowel as van die betrokke kinders se identiteit.

### Vervolg van bl 11

voorgestelde wetgewing bevat egter 'n klousule wat in effek daarop sal neerkom dat die departementshoof die aanbevelings van die beheerraad in oorweging kan neem. Indien die aanbevelings hom nie geval nie, kan die departementshoof sonder raadpleging van die beheerraad enigeen uit die geheel van die aansoekers (kandidate wat om die betrokke pos aansoek gedoen het) wat hom geval, aanstel. Op hierdie wyse word die beheerraad effektief van sy bevoegdheid betreffende die aanstelling van onderwysers ontnem, aangesien die departementshoof nou volgens eie diskresie aanbevelings kan verwerp en aanstellings kan doen. Dit is 'n uiters omstredende ingreep op die bevoegdhede van beheerrade wat in die beste belang van hul skole optree en wil verseker dat die regte kandidaat vir die pos aangestel word, in ag genome die spesifieke behoeftes en omstandighede van die skool.

By die ter perse gaan kon uitsluitel nog nie verkry word of van die gemelde voorstelle in beoogde wetgewing vervat gaan word, al dan nie. 

'n Mens sou ondermeer die volgende vrae hieroor wou vra:

(i) Waarom is die godgegewe gesagsfigure in hierdie geval lamgeslaan?

(ii) Hoe is dit moontlik dat 'n ordelike gemeenskap sulke terrorisme goedsmoeds verduur?

(iii) Kan so 'n situasie voorkóm, of alternatiewelik, genees word?

Op vraag (1) wil die skrywer graag suggereer dat daar indringend gekyk behoort te word na die verbondstrou van al die betrokke partye teenoor die Lewende God! Ouers (en kinders), onderwysers en polisie-beamptes. Dit is tog duidelik dat hierdie kinders nie opgevoed kan word om God se gesag en wil te respekteer indien die betrokke gesagsdraers nie leiding gee deur hulle lewensvoorbeeld nie! Dié voorbeeld sou hulle ondermeer verplig het tot optrede teen die onreg wat die kinders pleeg. Hulle versuim maak hulle net so skuldig aan wangedrag soos die skobbejakke onder hulle sorg!

Die tweede vraag wek nie veel meer hoop as die eerste vraag nie. Hoe wyd loop die apatie van liefdelose onbetrokkenheid alreeds deur ons “belydende Christelike” gemeenskap?! Volgens die berigte vergader die genoemde booswigte in 'n parkie binne 'n woongebied, en is hulle aanstootlike gedrag in 'n redelike omgewing bekend. Byna almal trek egter hulle koppe toe – hulle **wil nie** betrokke raak by die dissiplinêre sanksie van die gemeenskap nie. Die sug na populariteit en mense se guns was al menige belyer se slagyster – dink maar aan die tragiese geval toe Saul ter wille van sy soldate se guns verkies het om

God se banvloek nie toe te pas op die Amalekiete se vee nie! Is ons gemeenskap van “kerkmense” nog hoegenaamd Skrifgehoorsame verbondsmense? Indien dit die geval was, sou die gemeenskap as gemeenskap 'n sweer soos bogenoemde sanksioneer en verwyder – soos wat Paulus aan die Korinthiërs skrywe oor die owerspel in hulle midde: dit is ook **die gemeente** se plig om die skuldiges te dissiplineer!

Op die derde vraag is die antwoord voor die hand liggend. In 'n egte verbondsgemeenskap word suke God-onterende gedrag nie eens genoem nie, wat nog van dit te doen! Waar Hemelse burgers op aarde woon en beweeg is hulle bewustelik ambassadeurs van hulle Koning en Sy Ryk! Hulle eerbiedig en handhaaf die leefstyl van hulle tuisland en die sedes en moraal wat daaraan eie is. **Deur lewens te lei positief gehoorsaam aan die Woord van God, word sodanige uitwasse byvoorbaat geïnhibeer en in die kiem gesmoor. Waar verbondsversuim reeds sulke skandelige gedrag toelaat (en deur versuim om dit te sanksioneer, dit verder stimuleer) is daar net een regstellende aksie wat blywend 'n oplossing kan bewerkstellig. Niks minder nie as 'n heelhartige en hartgrondige bekering tot God, met die gevolglike oorgawe aan Hom om Sy Wil van harte te doen, sal die probleem met wortel en tak kan uitroei nie.**

Mag die Heilige Gees ons in die RSA genadiglik omkeer en vermurwe tot waaragtige bekering en gehoorsame kindskap van ons Verbondsgod.



# Vermenslikte Skrifuitleg

Tydens die program *Hoe verklaar jy dit?*, op Sondag, 7 Augustus, oor Radio Sonder Grense, gee 'n wetenskaplike van Stellenbosch se Universiteit 'n relaas oor hoe sekere weergawes in Die Bybel geïnterpreteer moet word. (Ter wille van die beskerming van sy persoon word sy naam nie hier vermeld nie.) Hy verwys in sy kommentaar ondermeer na gedeeltes in die boek *Rigters*, wat oor Simson en sy optrede teen die Filistyne handel. Spesifiek is na die vang van die jakkalse en die knoop van hulle sterte, asook die verslaan van die Filistyne met 'n eselskakebeen, wat in hoofstuk 15, verse 4 en 15 onderskeidelik voorkom, asmede ander Skrifgedeeltes wat sogenaamd vir die menslike verstaan daarvan 'n soortgelyke probleem oplewer, verwys. Die wetenskaplike verduidelik dan dat, soos wat daardie gebeure in Die Bybel weergegee word, dit nie vatbaar is vir interpretasie in die gewone betekenis van die woord nie, en moet ander verklarings daarvoor gevind word.

'n Mens sou in hierdie verband ook aan gebeure soos in die boek *Jona* en die Evangeliese geskrifte opgeteken, oorweging moes gee, alhoewel die wetenskaplike nie pertinent daarna verwys het nie. Na analogie van die 'probleem' wat met die interpretasie van die betrokke Skrifgegewens (1ste paragraaf) ondervind word, volgens die wetenskaplike se verduideliking, sal die interpretasie-problematiek egter uitgebrei kan word na: hoe kon Daniël en sy vriende dit in die vuuroond oorleef?; hoe kon Jona lewendig bly in die maag van die vis?; hoe kon Jesus uit die maagd gebore word?; ens. Dit opsigself kan nie deur middel van die **wetenskap** verklaar word nie.


Dan volg die Skrifverklaring vanuit Stellenbosch: verstandelik beoordeel, is dit nie moontlik dat 'n gebeurtenis soos in *Rigters* 15: 4 of 15 weergegee, nét so geïnterpreteer kan word soos wat dit opgeteken staan nie, aangesien dit nie **menslik moontlik** is nie, en dus nie aanvaar kan word nie, tensy 'n interpretasie wat die redelike verstaan daarvan moontlik maak, daaraan verleen

word. Dit moet so verstaan word dat, ten einde aan die held, Simson, (in lyn met die gebruik van daardie tyd) groter aansien te gee, moet in die oordrewe vorm van die taal (300 jakkalse en 1 000 Filistyne) oor sy dade verslag gedoen word – aldus die wetenskaplike. Daardeer word die hoorders/ lesers so beïndruk dat hulle so 'n held nie maklik sal vergeet nie. Dit is die strekking wat daaraan verleen word. **Gemelde verklaring word dan verder gevoer deur dié Skrifgebruik aan die mitologie toe te skryf, in lyn met die heersende tendens wat ondermeer by die 'Nuwe Hervormers' aangetref word. Volgens hierdie uitgangspunt, egter, sal die gedeeltes in Daniël, Jona, die Evangelies en talle ander, dan óók noodwendig herinterpreteer moet word, aangesien, soos wat dit geskrywe staan, dit nie redelik waar kan wees nie, omdat dit nie rasioneel verklaarbaar is nie. Volgens hierdie argument word waarheid gelykgestel aan die menslike rede. Wat nie met my verstand bewys/ deurgrond kan word nie, kan nie geldig en waar wees nie, en moet verwerp word.**


## Perspektiewe

(i) Vir die beoefening van Christelike wetenskap, soos deur die VCHO gepropageer, bring 'n standpunt wat die gesag van die Heilige Skrif onder verdenking plaas ernstige probleme mee. Christelike wetenskap sou geen bestaansreg hê, indien dit nie geheel en al in die Woord van God gefundeer kan word nie. Wanneer die gesag van die Skrif op hierdie wyse aangetas word, deur maar net die bevraagtekening van die geldigheid van enige gedeelte daarvan, en dit dan mitologies te wil verklaar, word 'n ondraaglike spanningsveld geskep. Dit is voor alles 'n ontkenning van die betoning van die almag van God in menselewens. Voorts kan die Bybelse beginsels en leerstellinge nie aan willekeurige menslike interpretasie, wat die **absolute gesag en waarheid** van die Skrif in sy wese aantast, oorgelaat word nie, omdat die **Skrif outonoom en onfeilbaar** is en homself verklaar onafhanklik van die mens. Dat daar van verskillende genres deur die

onderskeie skrywers van die Bybel-boeke gebruik gemaak is, word nie ontken nie. Dit staan immers volledig onder die **goddelike inspirasie**. Maar 'n mite berus op menslike oorlewering, wat hoegenaamd nie met die voorgenoemde in verband gebring kan word nie, en met al die feilbaarheid daaraan verbonde.

(ii) Vir soverre dit die Christelike geloof in die algemeen betref, moet op die implikasies van so 'n Skrifuitleg gelet word. Dit bring talle probleme na vore, waarvan veral twee hier vermeld moet word. Die eerste daarvan is dat so 'n standpunt soos deur die wetenskaplike gestel, deur die luisteraars na die program as 'n bevraagtekening van die gesag van die Skrif vertolk word. As twee of drie gedeeltes van die Bybel as mites afgemaak moet word, wat dan van ander gedeeltes waarin die **almag van God** geopenbaar word. So word twyfel in die hart van die gelowige gesaai, want watter gedeeltes van die Skrif is dan nog waar en watter nie? Die Egiptiese heidense towenaars het by die aanskoue van dit wat hulle nie kon verklaar nie – in die plaes wat oor Egipteland gekom het – gesê: "Dit is die vinger van God." (Exodus 8: 19; 1953 Bybelvertaling). Maar in ons hedendaagse 'wysheid' word die hand van God in die voltrekking van Sy raadsplan ontken, omdat dit nie deur die postmoderne wetenskap 'bevestig' kan word nie. Dit is die tweede probleem wat hierin na vore kom: die wetenskap moet eers aan die Skrifopenbaring gesag verleen, alvorens dit geglo kan word. Gelowiges word dus onder die indruk gebring dat die wetenskap kan besluit hoe daar met die Bybel omgegaan moet word, so asof die wetenskap die finale uitspraak lewer oor wat geglo mag word, al dan nie. Op hierdie wyse word nie net die basis van die geloof ondergrawe nie, maar 'n ondiens aan die wetenskap bewys. Die Bybel en die wetenskap staan in die Christelike wetenskapsbeskouing nie teenoor mekaar nie, maar die wetenskap rus volledig op die Skrifopenbaring. Eers dán word die eer van God in wetenskapsbeoefening gedien. 

# Die wonder van ons taal



14 Augustus 1875 staan wel nie meer op baie van die hedendaagse kalenders aangeteken nie, maar vir ons wat die Afrikaanse taal nog handhaaf en in erkenning hou is dit 'n dag wat nooit vergeet mag word nie. Dié dag, toe die agttal, bekend as die “jollie kêrels” in die Paarl vergader, en die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) gestig het, is 'n dag van buitengewone betekenis in ons volkslewe. Daardeur is uitdrukking gegee aan die stemminge wat in die gemoedere van die teoloog, SJ du Toit, wat tot voorsitter verkies was, en sy medestryders geleef het, dat aan die Afrikaanse taal die status van skryftaal gegee moet word.

Teen daardie tyd (die tweede helfte van die neëntiende eeu) was die omgangstaal onder die burgery van die Kaapkolonie en die twee Boere-republieke nie meer Nederlands of Kaaps-Hollands nie, maar 'n taal wat oor net meer as twee eeue heen sy eie ontwikkeling ondergaan het en morfologies en semanties van die ander erkende tale van daardie tyd te onderskeie was. Dit het egter iemand soos Pannevis, 'n taalkundige en onderwyser, wat kort tevore uit Nederland hier aangekom het, geverg om die ‘ontdekking’ van 'n eie taal onder erkende intellekte van daardie tyd, waaronder SJ du Toit en andere se aandag te bring, maar daarna neem Du Toit sterk leiding in die verdere verloop van sake. Dit was tydens sy studie by Pannevis aan die Paarlse Gimna-

sium dat Du Toit onder die indruk gekom het dat die omgangstaal aan die Kaap 'n taal in eie reg was. Dit was inderdaad 'n nuwe taal, maar 'n taal waaraan nog geen amptelike status of erkenning verleen was nie.

Reeds voor die einde van die agtiende eeu het die burgery aan die Kaap nie meer Nederlands gepraat nie, maar wat in daardie stadium as Kaaps-Hollands bestempel was, alhoewel Nederlands as die kulturele en amptelike gebruikstaal erken was. Die nuwe taal in wording was nog nie die openbare spreektaal nie. Dit was egter die huistaal, en dit is van groot belang. Taal wat nie in die volksmond leef nie het weinig kans op oorlewing en andersom. Die feit dat Nederlands as die amptelike taal erken was, was geen waarborg dat dit aan die Kaap sou bly voortleef nie, aangesien dit nie meer in die volksmond geleef het nie.


Van beslissende betekenis vir die groei en ontwikkeling van die Afrikaanse taal, was die gebeure van die eerste dekades van die neëntiende eeu aan die Kaap. In hierdie verband veral die Britse besetting van die Kaap in 1814, die proklamering van Engels as die kultuurtaal in 1822 onder Somerset, en die beleid van verengelsing wat daarop gevolg het. Nie alleen het dit die Nederlandse invloed aan die Kaap stelselmatig laat afneem nie, maar terselfdertyd weerstand teen Engels tot gevolg gehad, wat die burgery maar net sterker aan hulle huistaal gebind het.

Teen die tweede helfte van die neëntiende eeu praat die Kolonialers en die burgery in die Boere-republieke inderdaad Afrikaans, maar die taal geniet geen openbare erkenning nie – tot op daardie geskiedkundige dag in 1875 dat die GRA gestig word. Dit lei tot die ontstaan die eerste taalbeweging wat met die aanbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 tot 'n einde kom. Belangrike werke van die eerste taalbeweging was dié van ds GWA van der Lingen, CP Hoogenhout en ds SJ du Toit self. Hierdie eerste taalbeweging gee ondermeer aanleiding tot die

skryf van ons veelgeroemde volkslied, *Die Stem*, en die stigting van verskeie koerante, ter bevordering van die taal. Hiervan verdien veral *Die Patriot*, mondstuk van die GRA, vermelding. Dit was ook die verklaarde voorneme van die GRA om *Die Bybel*, indertyd nog die Nederlandse Statebybel, in Afrikaans te vertaal.

In 1882 skryf Pannevis ondermeer soos volg in *Die Patriot*: “Een nauwgesette studie en beoefening onzer taal sal haar eigenaardige kracht en biezondere schoonheid aan het daglicht brengen en men zal zigt nog eendag over dat verachte Afrikaans verwonderen.”

Die tweede taalbeweging begin na afloop van die Anglo-Boereoorlog, en die eerste aanduidings daarvan is byvoorbeeld die verskyning van letterkundige werke van bekende skrywers en digters. Uiteindelik het dit geblyk meer as net 'n taalbeweging te wees, in die sin dat die taal hom oor die breë volkslewe uitgestrek het om ondermeer in die kuns en wetenskap tot sy reg te kom, en daardeur die Afrikaner in staat gestel het om hom in die kulturele en akademiese sferes te kon handhaaf teenoor ander tale. Aanvanklik word dit deur die driemanskap Jan Cilliers, JD du Toit (Totius) en C Louis Leipoldt gelei en daarna deur die driemanskap CJ Langenhoven, DF Malherbe en AG Visser. Die groot oorwinning kom in 1914, toe Afrikaans in die skole sy beslag gekry het as een van twee amptelike tale; daarna tussen 1916 en 1919 is dit deur die kerk erken, en in 1918 deur die staat en universiteitswese. Teen 1925 het Afrikaans allerweë erkenning in die breë volkslewe geniet. Insgelyks was die publisering van die eerste Afrikaanse Bybelvertaling van 1933 van groot betekenis.

Die taalstryd het dus oor verskeie dekades heen gestrek, en dit was nodig dat dit doelbewus deur die Afrikaanse taalpioniers bevorder moes word, om amptelike status te verkry. 





**Tannie Aletta**

(Die teksverwysings in hierdie gedeelte is uit die 1983-Bybelvertaling)

**Dagsê Maats,**

So tussendeur al die bedrywighede by die huis en skool het die jaar aangeskuif, en is ons alweer in die derde kwartaal! Die eind-eksamen is ook stadig maar seker besig om nader te kom vir graad 12-leerlinge. In 'n tyd van voorbereiding vir eksamen, maar ook vir julle volwasse lewe, is daar 'n Skrifwoord wat vir ons van die troue sorg van die Here vertel: dat Hy ons te alle tye bystaan en in die aanloop tot die eksamen helderheid van verstand gee, mits ons daarom in geloof en nederigheid bid. "Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, ..." [Jak. 1: 6]. Hier by die VCHO wil ons vir julle alle sterkte daarvoor toebid.

**Sleuteltemas uit die Skrif:**

**Die Here is my herder**

Het julle al getel hoeveel maal ons in die Bybel lees dat God by ons is? Presies **365 keer** staan daar geskryf "Ek is by jou", of "Ek is saam met jou". Ja, vir elke dag van die jaar – op sonskyndae, wanneer dit goedgaan, maar ook daardie dae wanneer dit minder goedgaan – daarom hoef ons nie bang te wees nie. Die Here sê dit baie duidelik in die Bybel: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou". [Jes. 43: 5] Hierdie woorde: 'moenie bang wees nie' kom 366 keer in die Bybel voor.

Hy is nie maar 'n vriend wat goedbedoelend sy hand op jou skouer kom sit en met woorde troos, en nie in staat is om meer as dit te doen nie. Hy is ook nie soos 'n vriendin wat aanbied om te help so ver sy kan nie. Nee, dit is die Here! Hy is jou **Vader, Leidsman en Regter, jou Herder**. Daarom kan Jesus verklaar:

- "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde" (Matt . 28: 18).
- "Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie" (Joh. 6: 35).
- "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie" (Joh. 11: 25).
- "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. My juk is sag en my las is lig" (Matt. 11: 28 - 30).

# DIE JONGSPAN

- "Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." [Matt. 28: 20].

Met so 'n Jesus aan jou kant kan die laaste bladsye van die wêreldgeskiedenis maar omgeblaai word; en kan 'n mens, soos koning Dawid dit beleef het, 'n oormag stormloop en oor die hoogste stadsmuur spring (Psalm 18: 30).

**Iets vir die jonger maats:**

**Die berge waarvan ons in die Bybel lees**

Skryf die eerste letter van elke voorwerp neer – so kan jy die naam van hierdie berg leer.



Dit het die Israëliete lank geneem om rondom hierdie berg te trek.

**Bybelblok**

**Af:**

1. Christus is opgewek uit die dode; Hy het die ... geword van die wat ontslaap het. [1Kor. 15].
  2. Van hier af het Paulus-hulle probeer om na Bithinië te gaan, maar die Gees het dit nie toegelaat nie. [Hand. 16].
  3. "God laat alles ten ... meewerk vir dié wat Hom liefhet" [Rom. 8].
  4. Hy het die ark gebou.
  5. Jitream se moeder. [2 Sam. 3].
  6. Ragel het geboorte gegee aan 'n kind en gesê: God het my ... weggeneem. [Gen. 30: 23].
- Dié stad was vol afgodsbeelde [Hand. 17].
12. Naomi se man. [Rut 1: 2].
  13. Voor Paulus Christus Jesus geken het, het hy Hom belaster, vervolgt en ...
  15. Die enkelvoud van die elfde woord van Lukas 1: 53.

16. Die profete het voorspel dat Jesus ... genoem sou word. [Matt. 2].

18. Koning Asa het ... in Benjamin gebou met die klippe en balke van Ramal [1 Kon. 15].

20. Géhuel, 'n stamhoof van Israel, was die seun van 'n man uit die stam Gad. [Num. 13: 15]

21. "Kennis begin met die ..... van die Here". [Spr. 1: 7].

22. In Matt. 9: 17 sê Jesus dat 'n mens nie sulke wyn in ou leersakke gooi nie.

**Dwars:**

1. Kleopas was een van die twee dissipels wat die .... genoem word. [Lukas 24].

7. Saul se byvrou wie se seuns Dawid aan die Gibeoniete oorgegee het. [2 Sam. 3: 7].

9. Die vrou van Esau [Gen. 36: 10].

10. "Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie ... nie." [Rom. 4].

11. 'n Stad in die gebied van Benjamin. [Jos. 18: 28].

14. Maand in die Joodse jaartelling. [Neh. 6: 15].

17. 'n Lengtemaat.

19. Paulus se opdrag aan Timoteus: Hou vas aan die geloof en behou 'n ... [twee woorde].

20. 'n Stad in die woestyn in die suide van Juda [Josua 15].

23. "En al die aardbewoners word as niks ge-... nie,..." [Dan. 4: 35].

24. 'n Samestelling van drie woorddele en dit beskryf iets wat baie groot is, soos die genade van God.

(a) Die oorblywende letters van die 12de woord in Fil 2: 27, nadat "tfer" weggeneem is.

(b) Die laaste drieletterwoord van Fil 4: 12.

(c) Die laaste deel van die vyfde woord van Fil 2: 22.



# Adres onbekend

“Adres onbekend” moet ons dikwels verneem wanneer posstukke na die kantoor teruggestuur word. Dit gebeur gewoonlik nadat ’n uitgawe van *Roeping & Riglyne* na ons lede uitgestuur is. Telkens is daar egter ’n aantal daarvan wat ons lede nie bereik nie, terwyl ons ons van die

mees onlangse adres vergewis het. As gevolg hiervan word die gereelde kommunikasie met sommige lede verydel, aangesien ons dan nie langer met hulle kontak het nie, terwyl dit die bedoeling is dat ons deurlopende skakeling met ons lede wil behou. Die besonderhede van

lede wat “weggeraak het” gaan van tyd tot tyd geplaas word, in die vertroue dat dit op die een of ander wyse onder hulle aandag mag kom, of dat lede wat van hulle bewegings op die hoogte is, die kantoor in kennis sal stel. Indien ons die nuwe adresbesonderhede van die persone soos hiernaas vermeld kan bekom, sal ons dit hoog op prys stel.

Lidnr	Naam	Dorp/ Stad	Sedert
195626	Botha, Mev A	Primrose, Sunnyridge	Sept. 1999
219460	Van den Berg, Mnr B J J	Reivilo	Maart 2001
248170	Bekker, Mnr J C	Klerksdorp	Junie 2004
160687	Bergmann, Mnr J V R	Tzaneen	Junie 2002
203459	Bester, Mnr J H W	Gordonsbaai	Des. 2004
080101	Blignaut, Mnr J D	Bloemfontein, Fichardtspark	Junie 2002
247293	Blignaut, Mnr P M	Lichtenburg	Maart 2001
135968	Bornman, Mnr & Mev S A	Jeffreysbaai	Junie 2002
247994	Bosch, Mnr G	Kemptonpark	Aug. 2000
183539	Boshoff, Mnr J J W	Beaufort-Wes	Okt. 2003
131709	Botha, Ds D	Tzaneen	Junie 2002
350512	Botha, Mev E	Sunwardpark	Jan. 2002
248492	Botha, Mnr N A	Delmas	Jan. 2000
111694	Botha, Mnr O P S	Matjiesrivier	Okt. 2003
249970	Botha, Mnr T C	Vryburg	April 2004
132012	Botha, Mnr W J	Nigel	Feb. 1997
217824	Botje, Mnr H W	Braamfontein	Aug. 2001
238767	Bredenkamp, Mnr H	Pretoria, Villeria	Mei 2003
026816	Brown, Mnr & Mev K A	George	Mei 1997
242241	Burger, Mnr J J N	Brenthurst	Aug. 2004



## HOOFBESTUUR

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping* en *Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING  
EN  
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester  
KERNREDAKSIE: Prof AWG Raath,  
Prof DFM Strauss.



**Die Hoof Uitvoerende Beampte**  
**Posbus 1824**  
**Barnesstraat 41**  
**Bloemfontein 9300**

Tel. (051) 448 9160 of  
(051) 448 4464  
Faks (051) 448 4669  
E-pos: [vcho@mjvn.co.za](mailto:vcho@mjvn.co.za)  
Tuisblad:  
<http://www.vcho.co.za>

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voor-  
sitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom),  
Prof PH Stoker (Potchefstroom, Onder-  
voorsitter), Ds G van Heerden (De  
Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr IH  
Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Brits),  
Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van  
Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brak-  
pan), Ds FJ van der Merwe (Koster),  
Dr JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes